

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Desember 2019



## South Africa Investment Conference How it benefits you

P7-10



JOBS  
INSIDE:

## HIV-positive woman fights negative stigma

### More Matshediso

**D**rawing on her experiences, an HIV-positive young woman is educating people about HIV. Her reassuring and positive message is that HIV can be treated and also prevented.

Mpho Mbheki (31) believes that South Africa can have an HIV-free generation if HIV-negative people avoid infection and if people living with HIV consistently take their medication and don't infect others.

When she was 19, Mbheki took an HIV test. She took another two tests and got the same result each time.

"I tested positive three times in that year. I was

shocked, scared and in denial. I just could not believe it was true. I had a lot of emotions. I thought my life was over because I was so young and had never thought I could be HIV-positive," she remembered.


"I think what scared me the most was that I grew up in Butterworth, in the Eastern Cape, where people used to think that everyone who is HIV-positive got infected because they were sleeping around. It took me almost two years to accept my status. It was only after going for another test in 2009 that I got to accept my status," she said.

Mbheki said she worried about using her antiretroviral medication (ARV). "I feared that my body

would be deformed, or that I will either get fat or lose a lot of weight. I remember collecting my medication for three consecutive months without drinking it because I was scared. I went for a number of counselling sessions at a local clinic and started drinking my medication," said Mbheki.

Eventually, she told her family.

"I told my parents first and then I told my sisters. They were all shocked and asked



Cont. page 2



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

### CONTACT US

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:  
1035 cnr Frances Baard and Festival streets Hatfield, Pretoria, 00083

FREE COPY NOT FOR SALE

# Voorkom MIV met PBP



## Dale Hes

Ongeveer 36 000 Suid-Afrikaners het, te danke aan die Pre-blootstellingsprofilakseprogram (PBP-program) wat tans deur die Departement van Gesondheid (DvG) bekendgestel word, nou 'n 96% kans om nie MIV op te doen nie.

Suid-Afrika het die eerste land in Afrika suid van die Sahara geword wat die gebruik van pre-blootstellingsprofilakse (PBP) goedgekeur het.

PBP is 'n kombinasie van twee MIV-medisynes wat daagliks geneem behoort te word om MIV-infeksie te verhoed.

## Wat is PBP?

PBP kan beter verduidelik word deur na elke woord in die naam afsonderlik te kyk:

**Pre** = voor

**Blootstelling** = in kontak met MIV kom

**Profilakse** = behandeling om 'n infeksie te keer

MIV-negatiewe mense van hoërisiko-groepe kan PBP gebruik om te keer dat hulle MIV opdoen.

## Hoekom is PBP bekendgestel?

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die behan-

deling in 2015 goedgekeur. Die WGO het aanbeveel dat mense met 'n wesenlike risiko om MIV op te doen daagliks PBP moet gebruik, as deel van 'n gekombineerde MIV-voorkomingstrategie. Die behandeling is 99% suksesvol om MIV-infeksie te voorkom, mits dit reg geneem word.

Die regering het die waarde daarvan ingesien

word voortdurend uitgebrei, met ongeveer 36 000 mense wat nou PBP-behandeling ontvang.

## Wie behoort PBP te neem?

PBP-behandeling is 'n opsie wat beskikbaar is vir mense wat die risiko loop om moontlik MIV op te doen. Die DvG het verskeie groepe mense



om dié beproefde voorkomingsmetode by die ander bestaande uitgebreide programme te voeg om die siekte te bekamp.

Suid-Afrika het een van die hoogste voorkomssyfers van MIV en VIGS ter wêreld.

Die DvG het in 2016 PBP in 11 klinieke in vyf provinsies bekendgestel. Die behandeling

wat die kwesbaarste is, geïdentifiseer.

## Sekswerkers

Die departement het beraam dat 20% van die sowat 350 000 mense wat elke jaar MIV opdoen, by sekswerk-

betrokke is. Vroulike sekswerkers loop veral 'n groot risiko, met 33% wat op die ouderdom van 24 reeds MIV opgedoen het, terwyl soveel as 80% ná die ouderdom van 25 MIV opdoen. Die departement sê dat dié hoë koers die dringendheid van die gebruik van PBP onder lede van dié groep bevestig, veral as gevolg die algemene voorkoms van geslagsgebaseerde geweld, verkrating en 'n tekort aanregsbeskerming. Verskeie PBP-behandelingsinisiatiewe in gebiede waar sekswerkers werk, is voltooi of is onderweg.

## Meisies en jong vrouens

Meisies en jong vrouens tussen die ouderdom van 15 en 24 loop ook die gevaar om MIV op te doen. Dit kan aan verskeie redes toegeskryf word, insluitend seks met ouer mans wat MIV het, ongerekende gebruik van kondome, beperkte mag om veilige sekspraktyke te beheer en seksuele en geslagsgebaseerde geweld.

## Mans wat seks met ander mans het

Die departement wys daarop dat mans wat seks met ander mans het veral in gevaar is, omdat hulle ook by ander riskante gedrag betrokke mag wees, soos om dwelms in te spuit en seks te verkoop. Daar is reeds in proefnemings bewys dat die voorsiening van PBP aan dié groep die grootste impak op die voorkoming van MIV het.

## Seksuele maats van MIV-positiewe mense

Sommige paartjies bevind hulself in 'n situasie waar een maat MIV-positief is en die ander MIV-negatief is. In baie gevalle weet nie een van die maats dat een van hulle

MIV-positief is nie. Die oordragrisiko kan met 96% verminder word deur antiretrovirale

behandeling (ARV-behandeling) aan die MIV-positiewe maat te voorsien, terwyl PBP vir die MIV-negatiewe maat sy/haar risiko met 75% kan verminder.

Sommige mense kan newe-effekteervaar wanneer hulle met PBP begin. Die mees algemene newe-effekte sluit in:

- Naarheid
- Hoofpyn
- Moegheid
- Diarree
- Depressie
- Abnormale drome
- Braking
- Uitslag
- Slaaploosheid
- Veranderings in eetlus

In die meeste mense verdwyn hierdie newe-effekte na 'n paar weke.

## Waar kan jy PBP kry?

Gratis PBP is tans by 108 punte regoor die land beskikbaar.

**Vir meer inligting besoek die webwerf by [www.myprep.co.za](http://www.myprep.co.za). Jy kan ook die Nasionale MIV-en-VIGS-hulplyn tolvry by 0800 012 322 skakel.**

\*Dié inligting is deur die Nasionale Departement van Gesondheid verskaf.

## Het jy geweet?

Die Departement van Gesondheid stel dit duidelik dat PBP nie ander doeltreffende en goed gevestigde MIV-voorkomings-tegnieke behoort te vervang nie. Alle PBP-studies is op 'n gekombineerde benadering tot voorkoming gebaseer, insluitend gereelde toetsing en die gebruik van kondome en ander voorbehoedmiddels.

Dit moet steeds saam met PBP-behandeling gebruik word.